- **Skouerblaai en skof:** By die vruggbare koei is die skof en nek maer van voorkoms. Die hoogste punt van die skouerbladbene is effens gespierd en steek bo die dorsale werwels uit wanneer die dier beweeg. In die beskrywing van uitnemendheid van baie rasse vind 'n mens egter dat losheid van die skouer as ongewens beskou word. Daar is egter geen bewyse dat 'n los skouer ooit nadelig was nie. Trouens, goed bespiede ferm skouer of 'n stygende rugwerwel/kambene op 'n koei is 'n aanduiding van lae vruggbaarheid.
- **Geslagsorgane:** 'n Teken van twyfelagtige vruggbaarheid (selfs al is die dier tans in kalf) is die onderontwikkeling van die uitwendige geslagsorgane met 'n vetneerslag om die stertwortel.
- **Uier:** vroeë tekens van onvruggbaarheid wat normaalweg met 'n mate van agterdog behandel word, is:
 - o Verkrimpte-/swak gevormde spene.
 - o Lang, growwe hare en onderontwikkeling van die uier.
 - o Terloops, visuele beoordeling van die uier is van geen waarde in die bepaling van melkproduksie nie, maar volgehoue melkproduksie is ten minste afhanklik van die funksionele effektiwiteit, aanhegting en bouvorm van die uier.




Die Vruggbare Bul


- Spierdefinisie en ster manlike eienskappe reeds sigbaar in die kop .
- 'n Goed ontwikkelde, swaar en gespierde skof.
- Manlike gedrag, trek en terugtrekking van testikels.
- Beweging van die skede en growwe haargroei op skede .
- Growwer haargroei en verdonkering op die kop en nek.

Die bul se bydrae tot 'n vleisbeeskudde is meer as net die diens van koeie. Sy bydrae is 25-35 keer meer as dié van enige koei. Die effek op die huidige kudde van die paar bulle wat in die laaste drie generasies gebruik is, is sowat 87%. Die bul kan binne een jaar óf verbeter óf veroorsaak dat die kalf-oes meer verswak as wat twee jaar se seleksie in die koeikudde kan bereik. Daarom is die aankoop van 'n kuddebul van kardinale ekonomiese belang en moet met uiterste omsigtigheid uitgevoer word. Die fenotipiese eienskappe, sowel as die teelwaardes van die bul, behoort die kudde waar hy gaan diens doen te komplementeer. Die koop van 'n bul moet gesien word as 'n belegging (opbrengs op belegging). Hoe meer lewendige kalwers hy sal produseer, hoe laer is die bulkoste-per-kalf. Om baie kalwers te produseer, moet ons kyk na die vrugbaarheid en semenkwaliteit, dienvermoë en libido, strukturele korrektheid (hoewe, hakke, skede, testikelgrootte en vorm). As die bul funksioneel gesond en gelukkig is in sy omgewing, sal hy baie kalwers verwek en dus 'n goeie opbrengs op belegging wees.

Anatomie van die Simbra Bul



Anatomie van die Simbra Koei



Simbra Standaard van Uitnemendheid

'n Standaard van Uitnemendheid van 'n ras is 'n gedetailleerde handleiding wat slegs op voorkoms gebaseer is en word gebruik deur telers en beoordelaars vir die identifisering van diere met gewenste eienskappe.

Die ras is by uitstek 'n mediumraam moederras met die kenmerkende kenmerke van uitgebreide aanpasbaarheid, hoë vrugbaarheid, goeie moedereienskappe (maklike kalwing, goeie melkproduksie), hoë relatiewe speengewig, en die vermoë om 'n gewenste karkasgewig direk van die veld te produseer asook onder intensiewe toestande soos in 'n voerkraal. Die Simbra Standaard van

Uitnemendheid bestaan uit drie dele.

Algemene voorkoms;

Bouvorm;

Diskriminasies & Diskwalifikasie

Algemene Voorkoms

1. Suiwerheid	<ul style="list-style-type: none">• Kenmerkende eienskappe moet voldoen aan hierdie Standaard van Uitnemendheid: 'n aangepaste beesras met die goeie eienskappe van beide vleis en aanpasbaarheid.• Die Simbra is 'n kombinasie van Simmentaler en Brahmaan en op 'n F2 Register vlak moet die eienskappe van beide hierdie rasse duidelik vertoon word.
2. Tipe, balans en vorm	<ul style="list-style-type: none">• 'n Veelsydige ras wat 'n voldoende hoeveelheid vleis en melk het• Diere moet duidelike suiwerheid van geslag vertoon, en 'n goeie raam, simmetries uiteengesit word en vierkantig staan met agterpote wat wyd geplaas is.• Bulle moet meer gespierd wees as vroulike diere.
3. Karakter	<ul style="list-style-type: none">• Temperament: Kalm, gemaklik hanteerbaar met 'n wakker voorkoms.• Geslagsegtheid (Bulle):<ul style="list-style-type: none">▪ Sterk, manlik met goeie algehele spierontwikkeling, veral op nek en skof, oor die voorarm, skouer, oogspier en agterkwart.▪ Geen oormatige vet nie, veral in flanke, brisket en om die stertwortel.▪ Goed ontwikkelde eenvormige testes en epididymis, skede nie ongewens en onbeheerbaar nie.▪ Meer harigheid, nie grof of wollerig nie en verdonkering oor die nek en skof en oor die kruis en dye.• Geslagsegtheid (vroulik):<ul style="list-style-type: none">▪ Vroulike voorkoms, wigvormige buitelyne, veral wanneer dier in melk is.▪ Nie oor-gespierd, groot, swaar of robuust nie.▪ Geen oormatige vet neerlegging/aanpakking op enige deel van die liggaam nie.

	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Goed ontwikkelde geslagsorgane en 'n goed gehegde gebalanseerde uier. ▪ Verse met visuele uier- en speenontwikkeling.
4. Gehalte	<ul style="list-style-type: none"> • Gewrigte ferm en droog, hare kort en dig met gladde tekstuur, vel buigbaar, sag en soepel, van medium dikte, hoewe sterk, geslote, en van goeie gehalte en tekstuur.

Bouvorm

1. Kop en nek	<ul style="list-style-type: none"> • Kop: Voldoende breedte met matige lengte. • Voorkop: Goeie breedte tussen oë, wat 'n matige kurwe kan vertoon. • Oogbanke: Prominent, groot met betroubare, dik vel om die oë. Nie te prominent by vroulike diere nie. • Neus: Wyd, ovaalvormig en sterk. • Bek: Wyd en breed met sterk lippe. • Neusgate: Wyd geplaas, groot en ovaal. • Tande: Groot en sterk, snytande pas goed teen die kussing in die bo kaak. • Horings: Natuurlik poenskop of onthoring. • Ore: Matige lengte, redelik wyd en buigsaam, sonder oormatige haarbedekking op die binneste gedeelte. • Oë: Groot, helder, met 'n kalm uitdrukking, funksionele ooglede wenkbroue wat effens afwaarts insink en oë teen insekte, gras en son beskerm. • Nek: Gespierd in bulle, slank by vroulike diere, goed geheg aan kop en skouers, matige ontwikkeling van keelvel wat los en gevou voorkom. • Skof: Goed ontwikkelde afgeronde skof by bulle, klein by vroulike diere.
2. Voorkwarter / skouer / brisket	<ul style="list-style-type: none"> • Skouerblad: Helling effens vorentoe van bo na onder (gesien van bo in 'n afwaartse rigting) met die gewenste boog en sterk spieraanhegting aan die bors, skof en nek (vol agter skouers). • Skouers: Goeie breedte tussen die skouerpunte, egter nie prominent nie. • Bors: Goeie relatiewe borsdiepte en breedte, (Brisket nie te prominent nie). • Voorarm: Goed gespierde voorarm by bulle.
3. Middelstuk	<ul style="list-style-type: none"> • Lank, wyd en diep met goeie sprong van rib. • Moet goed inskakel tussen voor- en agterkwarte. • Rug is reguit, lank, breed met goed ontwikkelende bespiering .

	<ul style="list-style-type: none"> • Lende is breed en goed gevul op ribbekas teen ruggraat. By bulle vertoon lendespiering verkieslik prominent. • Ribbes is breed, lank en goeie sprong, skuins effens na agter.
--	--

Diskriminasie en diskwalifikasie

Klem moet gelê word op funksionele doeltreffendheid. Dit is belangrik om altyd 'n waardebeplanning te maak, sommige kriteria is gronde vir diskwalifikasie, terwyl ander gronde vir diskriminasie is, afhange van die graad van erns. Diere met aangebore afwykings of ander gebreke wat die funksionele doeltreffendheid van die dier benadeel, moet ooreenkomstig die Grondwet gediskwalifiseer word (DQ).


KRITERIA VIR DISKRIMINASIE/DISKWALIFIKASIE	
<p style="text-align: center;">1. Algehele</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tekens van onsuiverheid. • Temperament – aggressief. • Diere met 'n lang voorkoms sonder kapasiteit en diepte. • Oormatige groot diere of ponie tipe. • Swak of oormatig gespierd. • Beenstruktuur te fyn of te grof. • Wollerige of grog gekrule hare. • Dun en stywe vel (veral by bulle). • Swak gepigmenteerde diere – let op oogkodes. 	<p style="text-align: center;">2. Kop</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skeef, gedraaide gesig of neus/neusbeen(DQ). • Skewe bek (DQ). • Oormatige lang of kort onderkaak. • Fyn of gepunte bek. • Kompakte of oormatige lang kop (kis). • Te swaar onderkaak by vroue. • Onderontwikkelde oogbanke. • Bulle met minder as 50% ooglidpigment per oog word gediskwalifiseer (DQ). • Horings is 'n diskwalifikasie (DQ), behalwe CUM diere.
<p style="text-align: center;">3. Skouers</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skouers te los en / of regop. • Prominente skouerpunte. • Prominente dorsale werwels. 	<p style="text-align: center;">4. Bene</p> <ul style="list-style-type: none"> • Foutiewe plasing en gang. • Patella fiksasie (stringhalt) (DQ). • Klein, regop hake. • Laminitis. • Koei hakigheid. • Sekelhaking. • Gebuigde voorpote (X-been, boogbeen (DQ)). • Duiftonigheid (DQ).

	<ul style="list-style-type: none"> • Swak kootgewrigte (slap of kort en styf/steil en/of gespring). • Swak hoewe (wye skeuring, rolkloue (DQ), uitgroeï kloue).
<p>5. Kruis en stert</p> <ul style="list-style-type: none"> • Plat, dakagtige of oormatige skuins kruis. • Prominente stertwortel (bobbejaanstert). • Skewe stertaanhegting. • Gebrek aan breedte in sitbene. 	<p>6. Bors, rug en middel stuk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Duiwelsgreep (DQ) en/of gegord. • Hol of erg geboë rug • Toplyn wat deurhang. • Smal borsvloer.

KRITERIA VIR <u>DISKWALIFIKASIE</u>	
7. Reproduksie eienskappe	
Manlike	Vroulike
<ul style="list-style-type: none"> • Bulle met 'n os-agtige of vroulike voorkoms. • Scrotal omtrek hieronder stel minimum vereistes. <ul style="list-style-type: none"> ▪ <400kg = 30cm ▪ 401-450kg = 31cm ▪ 451-500kg = 32cm ▪ 501-550kg = 33cm ▪ 551-600kg = 35cm ▪ >601kg = 36cm • Lang, vlesige, hangende en onbeheerbare skede (Skede klassifikasie 1-4). • Gereelde/voltydse inversie van die laminae interna (prolaps). • Cryptorchidisme, aplapsy, hipoplacia (Oneweredige/ongelyke abnormale testes). • Erg gedraaide skrotum en testes. • Epididymis afwesig of onderontwikkeld. • Lang, laag hangende skrotum (te lang saadstringe). • Oorontwikkelde swaar skede vel. 	<ul style="list-style-type: none"> • Vroulike diere met os-agtige of manlike voorkoms. • Klein, onder ontwikkelde vulva. • Swak uierontwikkeling. • Bokuier en / of ongebalanseerde uier. • Swak geplassede spene (te groot, te klein, keël, bottel, ballon). • Oorontwikkelde naeltjiewel. • Moet met 39 maande gekalf het en kan nie 'n tussenkalfperiode van meer as 720 dae hê nie.

Diagrammatiese Voorstelling

Skrotum














Skede

SIMBRA


SKEDE EN NAELVEL KLASSIFIKASIE SHEATH AND NAVEL SKIN CLASSIFICATION

1. PUNT **ALLE** BULLE EN VERSE as die speengewig bepaal word en voltooi punting 1 tot 9 op 200 dae weegvorm.
SCORE **ALL** BULLS AND HEIFERS when the weaning weight is determined and complete scores 1 to 9 on 200 day weighing form.
2. Punt bulle soos hieronder uiteengesit. Skede is 'n gekombineerde eienskap wat lengte, vlesigheid, grootte en opening beskryf.
Score bulls as explained here below. *Sheath is a composite trait and describes length, fleshiness, size and opening.*
3. Punt **ALLE** verse se naelvel op 'n skaal van 1 = uiters slordig/groot tot 9 = uiters skoon.
Score the navel skin on a scale of 1 = extremely heavy to 9 – extremely smooth/clean for **ALL** heifers.
4. Punt **ALLE** diere op plaas - selektiewe punting sal nie aanvaar word nie.
Score **ALL** animals on farm - selective scoring will not be accepted.




Bene


Sy Aansig





Agter Aansig



Voor Aansig



Kloue



SIDE



Normal




Large outside claw
& long curled toe



Scissor

SOLE



FRONT



Simbra Breeding Policy

Simbra CUM Register (AA)				
Simmentaler (Registered)	x	Sanga/Sanga Composites	=	Simbra Cum F0
Simmentaler (Registered)	x	Zebu/Zebu Composites	=	Simbra Cum F0
Brahman (Registered)	x	Bos Taurus/Sanga or their Composites	=	Simbra Cum F0

Simbra (Registered)	x	Any of the Above	=	Simbra Cum F0 or Simbra Cum F1 (If Sire Verified)
---------------------	---	------------------	---	--

Simbra F1 Register (A)				
Simbra (Any F Generation)	x	Brahman (Registered)	=	Simbra F1
Simbra (Any F Generation)	x	Simbra Cum F0	=	Simbra F1
Simbra (Any F Generation)	x	Simmentaler (Registered)	=	Simbra F1
Simbra (Any F3/F4)	x	Any Beef Breed with 25% Brahman Influence (Registered)	=	Simbra F1
Any Beef Breed with 25% Brahman Influence (Registered)	x	Simbra (Any F3/F4)	=	Simbra F1
Simmentaler (Registered)	x	Brahman (Registered)	=	Simbra F1
Simmentaler (Registered)	x	Simbra Cum F0	=	Simbra F1
Simmentaler (Registered)	x	Simbra (Any F Generation)	=	Simbra F1
Brahman (Registered)	x	Simmentaler (Registered)	=	Simbra F1
Brahman (Registered)	x	Simbra Cum F0	=	Simbra F1
Brahman (Registered)	x	Simbra (Any F Generation)	=	Simbra F1

* Any F1 Cum Inspected Before 1 March 2013

* Only female animals born out of Simbra Cum F0 cows may be added to the F1 register. Shown By the symbol

* Any Cum Female that has been Simbra Sire Verified, becomes a Simbra Cum F1

Some Examples of The Different the Breeds Found in S.A	
Sanga	Afrikaner, Bonsmara, Tuli, Nguni, Drakensberger, Hugenoot
Zebu	Boran
Bos Taurus	Angus, Hereford, Charolais, Limousin, Wagyu,



Simbra F2 Register (B)				
Simbra (F1/F2/F3/SP)	x	Simbra F1	=	Simbra F2
Simbra F1	x	Simbra (F1/F2/F3/SP)	=	Simbra F2

Simbra F3 Register (C)				
Simbra (F2/F3/SP)	x	Simbra F2	=	Simbra F3
Simbra F2	x	Simbra (F2/F3/SP)	=	Simbra F3

Simbra SP Register				
Simbra (F3/SP)	x	Simbra F3	=	Simbra SP
Simbra F3	x	Simbra (F3/SP)	=	Simbra SP

* All animals to be registered must be inspected and approved by a Society Official, in accordance with the Breeds Standards. This includes any animal to be introduced into the Simbra CUM F0 Register.

Opsomming van Simbra Teelprogram en Verordeninge

Neem asseblief kennis dat die Verordeninge wat hieronder na verwys word is met betrekking tot die Teelprogram en -beleid opgesom, en bevat slegs van die mees relevante inligting. Die volledige oorspronklike kopie van die Grondwet kan verkry word vanaf die Simbra Webwerf (www.Simbra.org) of die Simbra-kantoor.

Die Simbra-kuddeboek

Basisdiere: Is saamgestel uit enige geregistreerde en vader-geverifieerde Simmentaler- of Brahman-diere.

F0 Ontwikkelingsregister: Word saamgestel uit Simbra tipe CUM diere wat vanaf 1 Maart 2013 vir inspeksie aangebied word en wat aan die inspekteur se fenotipiese evaluering volgens die Rasstandaarde voldoen. Hierdie vroulike word geïdentifiseer met 'n AA-tatoëermerk in haar oor; enige bulkalf wat uit 'n F0 CUM dier gebore is, is nie vir registrasie nie. Die teelbeleid wat op 9 September 2021 goedgekeur is, laat die inbring van F0 CUM diere toe van die volgende kruisings, geregistreerde en vaargeverifieerde Simmentaler x Sanga/Sanga Komposiete; geregistreerde en vader-geverifieerde Simmentaler x Zebu/Zebu Komposiete; geregistreerde en vader-geverifieerde Brahman x Bos Taurus/Sanga/Sanga Komposiete. Vroulike nageslag wat voortspruit uit enige van die voorgenoemde kruisings kan as F0 CUM diere ingebring word.

F1 Ontwikkelingsregister: Word saamgestel uit dogters en seuns van meervoudige/enkelvaarparings- of basisdiere wat voldoen aan die vereistes wat deur die raad bepaal word, en moet van volledig geregistreerde Simmentaler-, Brahman- of Simbrabulle kom. Nageslag wat voortspruit uit kruisings tussen geregistreerde basisvaars (Simmentaler/Brahman) met Simbra F0 CUM-koeie kan vroulike F1-nageslag by die F1-ontwikkelingsregister gevoeg hê, manlike nageslag wat uit hierdie kruisings voortspruit, is nie vir registrasie nie. Volgens die besluit wat op 9 September 2021 geneem is, kan parings van enige geregistreerde Simbra-bul met F0 CUM-diere vroulike nageslag hê wat as F1 geregistreer is. 'n Geregistreerde Simbra F3/F4 gekruis met enige geregistreerde vleisbeesras wat 'n minimum van 25% Brahman-invloed bevat, het nageslag wat in aanmerking kom vir die F1-ontwikkelingsregister. Vanaf 1 Maart 2013 is enige Simbra F0 CUM wat aan die inspekteur-evaluasie voldoen en Simbra-vaderveverifieer is deur middel van DNS-verifikasie, kwalifiseer om 'n F1 CUM te word.

F2 Ontwikkelingsregister: Word saamgestel uit dogters en seuns van meervoudige/enkel vaar parings van F1 x F1, F2, F3, of volledig geregistreerde diere.

F3 Ontwikkelingsregister: Word saamgestel uit dogters en seuns van enkelvaderparings van F2 x F2, F3, of volledig geregistreerde (SP) diere.

Volledig geregistreer (SP): Word saamgestel uit dogters en seuns uit enkelvaderparings van F3 x F3 of volledig geregistreerde diere kom in aanmerking vir registrasie in die finale/vol geregistreerde kuddeboek.

Behalwe in die geval van Simbra CUM F0 en CUM F1 sal geen Simbra met horings geregistreer word nie.

Registrasie/Aantekening in die Kuddeboek

Inspeksie is 'n voorvereiste vir registrasie, geen dier sal andersins geregistreer word nie, behalwe met spesiale goedkeuring van die Rasdirekteur. Diere wat nie inspeksie slaag nie, word in die Kuddeboek afgekeur en gekanselleer. Daar sal van 'n dogter van 'n afgekeurde ouer vereis word om geïnspekteer te word voordat sy as F0/F1 geregistreer word. Die raad behou die reg om enige registrasie of opname wat reeds gedoen is te kanselleer indien vals/verkeerde inligting verstrekkend is.

Kennisgewing van Geboortes en Aantekening van Kalfboekdiere

Die geboorte van 'n kalf moet deur die teler by die kantoor aangemeld word op die voorgeskrewe geboortekennisgewingsvorm of in 'n ander goedgekeurde formaat, ongeag of sodanige kalf lewend/dood gebore is, raseg of 'n kruising is, of vir registrasie behou word of nie. Geboortekennisgewings moet by die kantoor ingehandig word binne die tydperk voorgeskryf deur die raad (122 dae) anders sal 'n laatgeboortekennisgewingsfooi betaalbaar wees.

Identifikasie

Die genootskap se stelsel van permanente identifikasie van diere is 'n oortatoeëring wat deur telers met die grootste sorg en welsyn van die dier toegepas moet word. Kalwers wat lewendig gebore is, moet deur die teler in enige oor uitgekien word deur die telers se goedgekeurde kuddeletters te gebruik, die laaste twee syfers van die jaar waarin die kalf gebore is, gevolg deur opeenvolgende nommers wat die volgorde aandui waarin die kalwers gebore is en daarna gevolg deur die korrekte letter agtervoegsel. CBG2125C sal byvoorbeeld die 25ste kalf wees wat in 2021 gebore is. Tabel 4 verduidelik hoe die agtervoegsels toegeken word.

Dam	x	Sire	=	Calf
Base (Simmental)	x	Base (Brahman)	=	A
AA	x	A	=	A
AA	x	B	=	A
AA	x	C	=	A
A	x	A	=	B
A	x	B	=	B
A	x	C	=	B
B	x	B	=	C
B	x	C	=	C
C	x	C	=	No Suffix (SP)
SP	x	SP	=	No Suffix (SP)

Geen identifikasienommerkombinasie mag herhaal word nie. Ingevoerde diere word geïdentifiseer deur die vier syfers van hul buitelandse registrasienommer. F0 CUM en F1 Cum diere word geïdentifiseer deur die teler se kuddeletters en 'n identifikasienommer wat nie voorheen gebruik is nie, gevolg deur 'n AA of 'n A vir F0 en F1 CUM diere onderskeidelik.

DNS Tipering

DNS-tipering en vaarverifikasie is verpligtend vir alle bulle wat vanaf 1 Januarie 2014 gebore is. Volgens besluit op 6 September 2016 in 'n Simbra-telersvergadering, moet alle Simbra-bulle wat in 'n veilingskatalogus verskyn DNS- en vaderverifikasie op profiel hê. Volgens die besluit wat op 9 September 2021 by die Telersvergadering geneem is, moet vaars van alle gebore kalwers vanaf 1 September 2022 deur middel van **SNP genotipering gegenotipeer** word.

Inspeksies

Inspeksies/keurings dien as 'n gehalte waarborg van fenotipiese eienskappe vir die koper van geregistreerde diere en verseker dat alle geregistreerde diere aan die minimum rasstandaarde voldoen. Geen dier mag geregistreer word nie tensy dit fenotipies geëvalueer en deur 'n inspekteur volgens die Rasstandaarde goedgekeur is. Kalfboek vroulike diere kan geïnspekteer word vanaf die ouderdom van 12 maande en kalf boek bulle mag eers geïnspekteer word vanaf 18 maande ouderdom. Alle bulle moet op die liniêre klassifikasiestelsel geïnspekteer en bepunt word, die inspeksie van vroulike diere op die liniêre klassifikasiestelsel is opsioneel maar word sterk aanbeveel. Alle bulle wat inspeksie slaag moet met die verpligte Simbra "S" Brand gebrandmerk word. Diere wat die maksimum ouderdom vir inspeksie 36 maande oorskry, mag vir inspeksie aangebied word onderhewig aan 'n laatinspeksiefooi. Dit is die verantwoordelikheid van die teler om te verseker dat diere op die regte ouderdomme geïnspekteer word. 'n Eienaar wat ontevrede is met die keuring kan (binne 7 dae) 'n appèl aanteken by die Rasdirekteur. Die Rasdirekteur sal dan 'n raseksaminator aanstel wat die dier binne 14 dae na ontvangs van so 'n appèl weer sal inspekteer. Die appellant sal aanspreeklik wees vir inspeksiekoste van die raseksaminator. 'n Keurder mag nie as 'n keurder vir sy eie diere optree nie. 'n Inspeksie kan deur 'n lid van die geakkrediteerde keurder/beoordlaarpaneel uitgevoer word, koste word deur die lid gedra ooreenkomstig die voorgeskrewe fooistruktuur, of soos ooreengekom tussen die teler en die keurder. By enige openbare Simbra-veiling is dit verpligtend dat alle diere binne 30 dae voor die veiling gekeur/geïnspekteer word (bulle via die liniêre klassifikasiestelsel). Indien 'n dier nie inspeksie slaag nie, mag dit onder geen omstandighede die veilingsring binnegaan nie. Dit is die verantwoordelikheid van die teler/verkoper om inspeksies/keurings te reël. 'n Lys van beskikbare inspekteurs is op die Simbra-webwerf beskikbaar. Na keuring vir 'n veiling moet die beskermheer 'n verslag voltooi in die voorgeskrewe formaat en aan die Simbra kantoor stuur vir rekordhouding.

BESKERMHEER/GUARDIAN:	
TELER(S)/BREEDER(ERS):	VEILINGS NAAM/AUCTION NAME:
VEILINGS DATUM/ AUCTION DATE:	

		TOETSE			
1	Alle diere het 60 dae voor veiling skoon getoets vir:	TB	<i>Datum getoets: Date tested:</i>	JA/YES	NEE/ NO
	<i>All animals tested clean 60 days before auction for:</i>	BM			
Sertifikate moet uitgereik wees deur geregisteerde Veearts/Tegnikus. Stuur sertifikate na kantoor <i>Certificates must be issued by registered Veterinarian/Technition. Send certificates to office</i>					
2	Teler bevestig dat alle diere wat aangebied word getatoeër is, en dat alle diere gekontroleer is met die katalogus. <i>Breeder confirms that all animals presented are tattooed and checked to match those in catalogue.</i>			JA/YES	NEE/ NO
3	Getoets 45 dae voor veiling	VRUGBAARHEID	<i>Datum getoets: Date tested:</i>	JA/YES	NEE/ NO
	<i>Tested 45 days before auction</i>	FERTILITY			
Sertifikate moet uitgereik wees deur geregisteerde Veearts/Tegnikus. Stuur sertifikate na kantoor <i>Certificates must be issued by registered Veterinarian/Technition. Send certificates to office</i>					
4	Teler bevestig dat alle bulle skoon getoets het vir Trichomoniasis en Vibriose.	TRICHOMONIASIS	<i>Datum getoets Date tested:</i>	JA/YES	NEE/ NO
	<i>Breeder confirms that all bulls tested clean for Trichomoniasis and Vibriosis.</i>	VIBRIOSIS			
Sertifikate moet uitgereik wees deur geregisteerde Veearts/Tegnikus. Stuur sertifikate na kantoor <i>Certificates must be issued by registered Veterinarian/Technition. Send certificates to office</i>					

5	Teler bevestig dragtigheids toetse op vroulike diere wat as dragtig aangebied word gedoen is. <i>Breeder confirms all animals presented as pregnant were tested.</i>		Datum getoets: Date tested:	JA/YES	NEE/ NO
Sertifikate moet uitgereik wees deur geregistreerde Veearts/Tegnikus. Stuur sertifikate na kantoor <i>Certificates must be issued by registered Veterinarian/Technician. Send certificates to office</i>					
6	Teler bevestig dat oop verse aangebied jonger is as 30 maande. <i>Breeder confirms that open heifers offered are younger than 30 months.</i>			JA/YES	NEE/ NO
7	Teler bevestig dragtige verse aangebied sal voor 39 maande kalf. <i>Breeder confirms pregnant heifers will calf before 39 months.</i>			JA/YES	NEE/ NO
8	Teler bevestig bulle het 'n geboortegewig-teelwaarde en 200 dae gewigsmeting ten tye van samestelling van katalogus. <i>Breeder confirms bulls on offer have a 200 Day weight EBV and 200 days weightmeasurement at the time of composition of the catalogue.</i>			JA/YES	NEE/ NO
9	Teler bevestig dat daar DNA met Vaderskapbevestiging op rekord is vir bulle. <i>Breeder confirms there is a record for DNA and Sire Verification for bulls.</i>			JA/YES	NEE/ NO
10	Teler bevestig veilingsdiere is gekeur, indien nie deur die beskermheer gekeur word nie. <i>Breeder confirms all animals on offer were inspected, if not inspected by guardian.</i>	GEKEUR DEUR/INSPECTED BY:	DATUM / DATE	JA/YES	NEE/ NO
11	Teler bevestig bulle is gebrandmerk met amptelike Simbra brandmark. <i>Breeder confirms bulls are branded with official Simbra brand.</i>			JA/YES	NEE/ NO

Diere wat nie keuring voor 'n veiling slaag nie, moet aangeteken word en hul lotnommers en redes vir nie-goedkeuring moet by die kantoor ingedien word. Soos voorheen genoem, moet alle bulle op die liniêre klassifikasiesstelsel geïnspekteer word, die inspeksie van vroulike diere via die liniêre klassifikasiesstelsel is opsioneel maar sterk aanbeveel. Die liniêre klassifikasie vorm wat vir inspeksies gebruik moet word, kan op die volgende bladsy gesien word.

Daar is verskeie redes waarom keuring belangrik is.

Dit dien as gehalte waarborg van fenotipiese eienskappe vir die koper van 'n geregistreerde dier as waarborg dat die dier tydens keuring of inspeksie voldoen het aan die minimum rasstandaarde.

Fokus moet wees op die vordering van elke kudde in terme van die bereiking van kudde doelwitte wat fenotipiese eienskappe asook genetiese vordering moet aanspreek. Verhoging in persentasie diere wat gekeur word (beter retensie), verbetering in fenotipiese waardebeoordeling soos per liniêre klassifikasie stelsel.

Dit moet ook 'n waarde toevoegingsgeleentheid wees vir die teler, waartydens die 5 verslae wat beskikbaar gemaak word deur die kantoor deur 'n kundige keurder met die teler bespreek moet word.

- 1) **FarmReport** – Kragtige verslag in Excel wat maklik verwerk kan word om meer inligting en tendense met die teler te deel.
- 2) **Breedplan Report** – Kudde se genetiese data oor jare heen en met grafieke wat genetiese beweging oor tyd aandui.
- 3) **Herd List** – Al die diere in die kudde gelys volgens geslag en registrasie status.
- 4) **Inspection list** – Soos kuddelys maar met slegs die kalboek diere daarop.
- 5) **Completeness of Performance** – Verduidelik hoe die ster gradering werk en is belangrik om vir die teler te wys watter prestasie data is intvang en hoe volledig dit is.

Maak asb ook seker dat die teler weet hoe om data in te dien (Excel, Hermaster en ander) asook wanneer om watter eienskappe aan te teken (LRF Toetsplan).

Vergewis jouself asseblief van die Simbra teelbeleid.

Wat betref die liniêre klassifikasie vorm:

Punt asseblief die diere objektief in terme van 'n denkbeeldige ideale dier vir elke eienskap, sodat die teler na keuring sy diere kan klas in terme van kwaliteit, en nie net strukturele korrektheid nie.

By Cum diere is bloedsamestelling en geboorte datum baie belangrik.

Die vorm is so ontwerp dat dit die volgorde van belangrikheid (soos op die skouring) ook in ag neem.

Prioriteitsorde:

1. Geslagsegtheid – Bul soos 'n bul, nie soos os of koei nie. Vroulike diere moet wig en vroulikheid toon.
2. Funksionele doeltreffendheid om konstitusie te kan handhaaf – klem op loopvermoë en kloue.
3. Bouvorm – Vleis eienskappe en geheelbeeld (balans en kwaliteit).


Kondisie - Vergelyk binne groep op plaas

- BC 1 - Brandmaer net voor vrek
- BC 7 - Optimale veiligsgereedheid/skoukondisie
- BC 9 - Oorvet, aangepak om stert alle nate vol vet tot voor binne in die nek.

Table 1. Description of body condition scores (BCS) (1 [thin] to 9 [obese])^a.

BCS	% Body Fat ^a	Detailed Description ^b
Thin		
1	3.77	Clearly defined bone structure of shoulder, ribs, back, hooks and pins easily visible. Little muscle tissue or fat present.
2	7.54	Small amount of muscling in the hindquarters. Fat is present, but not abundant. Space between spinous process is easily seen.
3	11.30	Fat begins to cover loin, back and foreribs. Upper skeletal structures visible. Spinous process is easily identified.
Borderline		
4	15.07	Foreribs becoming less noticeable. The transverse spinous process can be identified by palpation. Fat and muscle tissue not abundant, but increasing in fullness.
Optimum		
5	18.89	Ribs are visible only when the animal has been shrunk. Processes not visible. Each side of the tail head is filled, but not mounded.
6	22.61	Ribs not noticeable to the eye. Muscling in hindquarters plump and full. Fat around tail head and covering the foreribs.
7	26.38	Spinous process can only be felt with firm pressure. Fat cover in abundance on either side of tail head.
Fat		
8	30.15	Animal smooth and blocky appearance; bone structure difficult to identify. Fat cover is abundant.
9	33.91	Structures difficult to identify. Fat cover is excessive and mobility may be impaired.

1 – Uitgeteer. Hierdie koei is erg uitgeteer en fisies erg verswak. Die beenstruktuur van die skouer, ribbes, rug-, heup- en sitbene is skerp om aan te raak en maklik sigbaar. Daar is geen tekens van vetneerslae of bespierung nie. Hierdie liggaamskondisietelling word selde in die veld waargeneem.



2- Brandmaer (Baie dun). Die koei vertoon uitgeteer maar het nog nie dramaties verswak nie. Geen bewyse van vetneerlegging nie. Vertoon duidelike spieratrofie in die skouer, oor die lende en kruis en deur na die agterkwart. Die werwelkolom, heup- en sitbene voel skerp om aan te raak en en is baie opvallend.




3- Maer (Dun). Baie min vetbedekking oor die skouer, lende en kruis. Die voorribbe het effense tekens van vetneerlegging, maar die laaste drie of meer ribbes kan gesien word. Die ruggraat is effens sigbaar. Sommige werwels van die ruggraat kan individueel deur aanraking geïdentifiseer word en ek is steeds sigbaar. Spasies tussen die werwels is minder prominent/opvallend. Daar is tekens van spierverlies in die agterkwart.



4- Grensgeval. Voorribbes is effens opvallend, en die 12de en 13de ribbes is steeds maklik sigbaar. Spieratrofie is nog waarneembaar oor die skouers, lende en agterkwarte, maar vertoon normaal. Die ruggraat en werwels kan slegs deur palpasië (met effense druk) geïdentifiseer word en voel eerder afgerond as skerp. Die heup- en sitbene word deur minimale vet bedek en is maklik identifiseerbaar.



5- Gematig. Daar is effense tekens van vetneerlegging in die bors (brisket). Spieruitdrukking (definisie) in die skouer, lende en kruis en agterkwart is normaal. Die laaste twee ribbes (12de en 13de) kan slegs gesien word as die koei 'n minder as normale dermvulling het (nie dik gevreet nie). Individuele ruggraat- en werwels kan nie gesien word nie, kan slegs met stewige druk gevoel word en voel afgerond. Spasie tussen die werwels is nie sigbaar nie en is slegs met stewige druk onderskeibaar. Gebiede aan elke kant van die stertwortel begin vul. Heup- en sitbene is bedek met 'n laag vet, maar is steeds waarneembaar.




6- Goed. Die bees vertoon deurgaans 'n gladde afgeronde voorkoms. Ribbe is heeltemal bedek en is nie opvallend vir die oog nie en vertoon soms "happy lines". Agterkwart is rond en vol. Merkbaar goed gevul oor die voorribbes en aan elke kant van die stertwortel. Vetneerlegging op die bors (brisket) is duidelik.



7- Vlesig. Die bors (brisket) is vol, maar nie aangepak nie. Ruggraat en werwels is ingebed in vet en kan slegs met baie stewige druk gevoel word. Die top lyn begin 'n vierkantige voorkoms aanneem. Spasies tussen werwelskan skaars onderskei word. Oorvloedige vetbedekking aan weerskante van die stertwortel met duidelike aanpakking.



8- Vetsugtig. Die bees se nek lyk kort en dik. Bors(brisket) is gepak met vet. Dier neem 'n vierkantige en blokkerige voorkoms oor die toplynlyn en glad langs die kante aan. Skelet kan nie meer gesien word nie. Die sitbene is aan beide kante van die stertkop in vet ingebed/omring. Tekens van vetneerlegging in die lieste



9-Baie vetsugtig. Selde gesien. Skelet is onmoontlik om te identifiseer. Die stertwortel is in vet gepak. Die dier lyk kort van nek met 'n oorvol en aangepakte bors. Duidelike vetneerlegging in die lieste. Die dier se beweeglikheid kan deur oormatige vet benadeel word.



Temperament -Punt 1 tot 5

- 1 Gevrek kan aan dier vat
- 2 Beweeg met moeite
- 3 Wakker, kalm en maklik hanteerbaar
- 4 Spoedig en haastig
- 5 Gevaarlik en agressief teenoor mense.

Geslagsegtheid

- *Bulle*: Kop, oogbanke, nek bespierung en skofontwikkeling, testes ontwikkeling
- *Vroulik*: Adel in gesig, plootjies in nek, wigvorm, goed ontwikkelde uitwendige geslagsorgane en spene/uier

Skede/Naelvel

- 1-4 ongewens
- 9 nie ideaal nie
- 5 aanvaarbaar met waardebeplating
- Neem in ag die diepte van die middelstuk en die lengte van die pytbene

Voorbene

- X-Benig, bakbene, dier wat duiftoning beweeg, sterk bene maar nie grof nie.
- Goeie kote

Agterbene

- Waak teen regop koeihakig, sekelhakig, droog, laminitis
- Let op kootgewrigte
- Bene moet sterk wees, maar nie grof nie

Kloue

- Let op hoef diepte
- Prul rolkloue
- Bykloue moet normaal wees

Blad/Voorkwart – van die kant gesien

- Voorkwart (blad) diep, goed gehegde blaaië, waak teen oormatige/oorontwikkelde kambene, gevul agter skouers, goeie voorarm, nie regop skouers nie, nie grof nie

Middelstuk – van die kant gesien

- Sterk horisontale toplyn, met gevulde lende wat goed rus op 'n besondere sprong van rib met diepte wat kapasiteit bevorder en nie wegval voor heupe nie en goed deurloop tot in die skouers in

Agterkwart – van die kant gesien

- Hoek van die kruis, lengte van heup na sit
- Lang boudbespierung wat laag bo die haak aansluit (met groot D)

Kapasiteit – Van voor en van agter bekyk

- Klem op breedte en algehele kapasiteit, en bespierung.
- Breedte in die borsvloer,
- Sitbene wyd geplaas
- Buite dy bespierung (perdeskoen)
- Gevulde binnedye met hake wyd uit mekaar (plat Driehoek)
- Vroulike diere nie dieselfde bevlesing as manlike diere nie.

Algemene voorkoms

- Kwaliteit aspekte speel 'n rol, bv haarkleed (aangepas/konstitusie), balans (hoe die voorkwart, middelstuk en agterkwarte in mekaar vloei), stertwortel hegting, sterk breë bek (Foute met bek/neus) en is eintlik die eerste indruk wat die dier maak.

Raam grootte

- Fisies in terme van Klein Medium en Groot, let op heuphoogte en pypbeen lengte.
- Vroeg-/laat ryp tipe diere (Easy fleshing)

Nadat u 'n inspeksie op die plaas voltooi het, is dit belangrik om die lineêre klassifikasietellings by die kantoor in te dien. Tik asseblief hierdie vorms in 'n Excel-formaat vir maklike dataverwerking by die kantoor. Wanneer jy die vorm na die kantoor stuur, voltooi asseblief die kudde besoek terugvoervorm hieronder en stuur dit ook na die kantoor.

Simbra - Kuddebesoek terugvoer

(Simbra - 'n Winsgewende maklike boerbees gebaseer op en ondersteun deur wetenskap)

Teler: _____ E-Pos: _____

Kudde: _____ Selnommer: _____

Kudde teeldoelwitte - Fenotipies: _____

Genotipies: _____

Ondersteun die teelbulle in gebruik die doelwitte: _____

Bespreking van "Farm Report":

Ag op Ouderdom eerste kalwing (AFC), Tussen kalf periode (ICP), Volwasse koei grootte, Geboorte gemak, Skrotum omtrek. Kontemporêre groepe, kudde koppeling.

Bespreking van "Completeness of Performance":

Let op na waar kan verbeter word om ster gradering te verhoog. Hou bv meer bulkalwers terug tot minstens skrotum meting gedoen kan word.

Algemene opmerkings/aanbevelings:

Veilingsreëls

Let asseblief daarop dat in die opsomming hieronder die Veilingsreëls opgesom word en slegs van die mees relevante inligting bevat, die volledige oorspronklike kopie van die Veilingsreëls kan verkry word vanaf die Simbra Webwerf (www.Simbra.org) of die Simbra Kantoor.

Die doel met die veilingsreëls is om so ver as moontlik te verseker dat alle Simbras wat per veiling aangebied word steeds voldoen (al was hulle voorheen gekeur) aan die rasstandaarde en 'n aanvaarbare kriteria wat betref vrugbaarheid en/of reproduksie asook sekere gesondheidsvereistes, en is van toepassing op alle openbare-/aanlyn-/katalogusveilings. Alle Simbras so verkoop se verkoop vind dus plaas onderhewig aan die reëls van die genootskap. Geregistreerde Simbras wat nie aan die reëls voldoen nie, mag nie per veiling te koop aangebied word nie.

Daar is drie kategorieë in 'n amptelike Simbra veilingskatalogus:

- A) **Geregistreerd:** Geregistreerde bulle (met S-brand op linker skouer), en geregistreerde vroulike diere en kalfboek diere onder 12 maande of sogende kalwers.
- B) **Cum verse:** Verse wat reeds as Cum diere opgeneem is in die Simbra kuddeboekstelsel
- C) **Kommersiële diere:** Simbra tipe vroulike diere wat fenotopies van so 'n gehalte is dat hulle in aanmerking kan kom om as Cum diere opgeneem te word.

Dit is die verkopers se verantwoordelikheid om seker to maak dat alle inligting van verkoopsdiere is volledig angebring op die stelsel. Inligting van veilings diere, lot nommers en kommentaar moet die kantoor minstens 6 weke voor die veilings datum bereik. Inligting moet ingedien word per e-pos in die voorgeskrewe format. Een proef katalogus sal opgestel word, wat alle uitstaande inligting sal aandui. Teler het 3 werksdae om regstellings en uitstaande inligting per e-pos aan die kantoor te stuur. Tweede proef sal voorgestel word vir goedkeuring deur verkoper waarna katalogus gefinaliseer sal word.

- 1.1 Alle diere moet maksimum 30 dae voor 'n veiling deur 'n geakkrediteerde inspekteur/keurder wie op die veilingspaneel dien, inspekteer word wie sal optree as beskermheer.
- 1.2 Voorgestelde beskermheer vergoeding is R1500 per dag, plus akkomodasie indien nodig en reiskoste.
- 1.3 Bulle moet gepunt word volgens die Simbra liniêre klassifikasie stelsel, en vroulike diere moet 'n geheelbeeld punt kry.
- 1.4 Diere wat nie voldoen aan minimumstandaarde nie mag nie te koop aangebied word nie.
 - 1.4.1 Alle vaars wat kalwers (in aanmerking vir registrasie) gaan verwek wat gebore word vanaf 1 September 2022, moet gegentipeer wees en 'n SNP genotipe op rekord hê alvorens 'n dragtige dier of koei met jong kalf hierin na verwys, op 'n veiling aangebied mag word.
 - 1.4.2 Alle Simbras wat per openbare veiling aangebied word verkoop onderhewig aan die Veilingsreëls van die Genootskap.
 - 1.4.3 Veilingspamflet is onderhewig aan goedkeuring voor dit op sosiale media en webtuiste gepubliseer mag word, en moet die amptelike Simbra logo vertoon.
- 2.1 Die verkoper moet by ondertekening van hierdie veilingsreëls skriftelik bewys indien dat sy veilingsdiere binne 60 dae voor die veiling skoon getoets is vir TB en alle vroulike diere wat reeds gekalf het BM skoon getoets het, of 'n CA3 sertifikaat /veeartssertifikaat indien wat spesifiseer dat al sy diere skoon getoets is binne die laaste 12 maande. Alle vroulike diere wat vir veilings aangebied word, moet met RB51/S19 teen Bruselose ingeënt wees.
- 2.2 Diere onder 1 jaar op dag van veiling is opgeneem as kalfboek en sal aan die koper oorgedra word op die verkoper se koste. Lede van die Genootskap kan hierdie diere tussen 1 en 3 jarige ouderdom aanbied vir volle registrasie in die Kuddeboek.
- 2.3 Die verkoper het die volgende "Verkopers -verklaring" onderteken en ingedien :
 - 2.3.1 dat die diere wat aangebied word getatoeër en gekontroleer is, en dat dit ooreenstem met die rekords van die genootskap. Indien die koper binne 30 dae na die veiling bewys kan lewer dat die dier nie getatoeër is of verkeerdelik getatoeër is, sal waarborg 6 van toepassing wees.
 - 2.3.2 Dat alle bulle, nie langer as 45 dae voor die veiling (i) deur 'n veearts of geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as vrugbaar gesertifiseer is in die voorgeskrewe formaat met spesifieke

verwysing na, **motiliteit, morfologie en skrotum omvang moet geëvalueer word en op die verslag gespesifiseer word** en dit deur die verkoper gewaarborg word tot 7 kalender dae na die veilingsdatum of in sekere spesiale gevalle 7 dae nadat die koper die bul in ontvangs geneem het. **Oorspronklike** Vrugbaarheidssertifisering moet vir 1 jaar na veilingsdatum by die verkoper beskikbaar wees. Indien die koper binne 7 dae na die veiling (of in spesiale gevalle soos vooraf gereël met die verkoper vanaf die ontvangs van die bul) 'n veeartsertifikaat voorlê wat die teendeel bewys sal waarborg 6 van toepassing wees.

- 2.3.3 enige waarborge aangaande die bevriesing van semen sal gemaak word deur 'n aparte ooreenkoms tussen die koper en verkoper.
- 2.3.4 dat alle bulle skoon getoets is vir Trichomoniasis en Vibriose.
- 2.3.5 dat alle vaars van kalwers wat in aanmerking kom vir kalfboek registrasie en wat nog nie by die Genootskap op rekord is nie, en bulle waarvan koeie dragtig is, asook semen, 'n SNP genotiperingsprofiel op rekord het en dat die bulle geregistreer is.
- 2.3.6 dat diere wat as dragtig aangebied word, **deur 'n veearts of geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as dragtig gesertifiseer is** en sodanige sertifisering met navraag by die verkoper beskikbaar is tot 1 jaar na die veilingsdatum.
- 2.3.7 Diere wat in een van hierdie 3 dele van die katalogus verskyn, moet aan die volgende reëls voldoen:
- A) Deel A van Katalogus is GEREGISTREERDE SIMBRAS.**
- (1) Oop verse mag slegs aangebied word tot op ouderdom 30 maande.
 - (2) 'n Dragtige vers wat aangebied word, moet voor of op 39 maande kalf.
 - (3) 'n Koei sonder kalf aan voet moet dragtig gesertifiseer wees, en die verwagte kalfdatum mag nie later as 18 maande na haar laaste kalfdatum wees nie, **en** so 'n koei mag nie vir langer as 18 maande "oop" gewees het tussen kalwings nie.
 - (4) Cum diere moet ten minste twee of meer kalwings na registrasie gehad het, en indien sonder kalf aan voet moet dragtig gesertifiseer wees, en die verwagte kalfdatum mag nie later as 18 maande na haar laaste kalfdatum wees nie, en so 'n koei mag nie vir langer as 18 maande "oop" gewees het tussen kalwings nie.
 - (5) Eiselskenkers - Moet dragtig wees binne 18 maande sedert laaste spoeldatum.
 - (6) Simbra bulle, moet 22 maande of ouer wees, moet geregistreer wees, dus die S-brand dra op die linker skouer as waarborg dat die bul voldoen aan minimum fenotipiese rasstandaarde, 'n 200 dae gewig op rekord het en vaderskap van die bul deur middel van DNS bevestig is.
- B) Deel B van Katalogus is CUM SIMBRA VERSE:**
- (1) Teler/verkoper moet die geboortedatum van die dier bevestig het.
 - (2) Oop CUM verse mag slegs aangebied word tot op ouderdom 30 maande.
 - (3) 'n Dragtige CUM vers wat aangebied word, moet voor of op 39 maande kalf.
 - (4) Diere wat onder hierdie afdeling verkoop word, moet duidelik gemerk en getatoeër word met die verkoper se kuddelletters, jaar van geboorte en unieke volgnummer.
- C) Deel C van katalogus bestaan uit SIMBRA TIPE vroulike diere:**
- (1) Simbra Tipe diere wat nie voldoen aan bostaande twee afdelings nie, kan hier verkoop word.
 - (2) Die diere se gehalte moet van so 'n aard wees dat hulle as Cum F0 diere in die Simbra kuddeboekstelsel opgeneem kan word.
- 2.3.8 Indien hierdie dragtig gesertifiseerde diere binne 48 uur na die veiling as nie-dragtig deur 'n geregistreerde veearts of veeartsenykundige tegnoloog gesertifiseer word, sal waarborg 6 van toepassing wees.
- 2.3.9 As 'n vroulike dier as "oop" of "nie-dragtig" verkoop word en binne 30 dae na die veiling as dragtig deur 'n veearts gesertifiseer word, sal waarborg 6 van toepassing wees.
- 2.3.10 **Waarborg 6:** Indien die nodige bewyse binne die betrokke periode skriftelik aan die verkoper voorsien word dat enige van die diere gekoop nie voldoen aan die reëls soos hierbo gestipuleer nie, sal die verkoper, met die keuse van die koper, enige dier tersprake vervang met 'n ander dier van gelyke waarde of die aankoopprys terugbetaal.

Etiese Kode - Beoordelaars/Keuders

Wanneer aan al die vereistes om te kwalifiseer as 'n beoordelaar as en/of inspekteur voldoen word, sal daar van die beoordelaar/keurder verwag word om die etiese kode te onderteken as 'n verklaring dathy/sy aan hierdie kode sal voldoen. Deur hierdie etiese kode te onderteken, stem die keurder/beoordelaar in om aan die reëls van die Genootskap vir beoordeling, keurings en inspeksies te voldoen. Ek, die ondergetekende onderneem om:

- Om te alle tye deur my optrede en uitsprake die doelstellings van die Genootskap te bevorder, en as ambassadeur vir die ras, mede lede en die Kantoor op te tree.
- Ek sal sorg dat ek myself ten volle op hoogte van die Standaard van Uitnemendheid en nuwe verwikkelinge in die ras sal hou, deur gereeld simposiums en opknappingskursusse by te woon ten einde my kennis en insig sodoende te verbreed en te streef na uitnemendheid wat betref my opleiding as beoordelaar en/of keurder.
- In my taak as beoordelaar/keurder sal ek my uitsluitlik by die vertoonde/voorgestelde diere bepaal en die vertoners/eienaar/teler, ongeag die persoon, buite rekening laat.
- Ek sal my in my taak laat lei deur die Standaard van Uitnemendheid, en alle relevante inligting gebruik om 'n eerlike en objektiewe plasing of assering van die diere te doen, en my te verbind tot die genootskap se grondwet en bywette asook alle ander skou en veilingsreëls.
- Ek sal met my kommentaar oor die voorgestelde diere baie professioneel en diskreet wees om sodoende leersame en objektiewe inligting te verskaf eerder as om negatief te raak teenoor die beste, die vertoner/eienaar/teler en selfs die hanteerders.
- Om my eie beeld, karakter, integriteit en gedrag te alle tye en in alle omstandighede, lofwaardig en onberispelik te handhaaf, om sodoende deur my optrede ook die Genootskap tot eer te strek.
- Om tydens my amptelike optredes, sowel as op ander terreine, my nooit skuldig maak, hetsy deur uitsprake of optrede, wat my onpartydige en eerlike beeld of die beeld van die Genootskap sal skaad nie.
- Om nooit mede-beoordelaars/keuders se optrede of uitsprake in die openbaar te bevraagteken of af te keur nie. Enige sodanige geskilpunt of ontevredenheid moet met die betrokke beoordelaar/keurder, die President, Rasdirekteur of Raadslid opgeneem word.
- Om te aanvaar en daarby te berus sou die Raad te enige tyd enige onaanvaarbare optrede van my aanspreek of my selfs van my status as beoordelaar ontnem, nadat ek die geleentheid gehad het om my kant van die saak te stel.
- Dat ek die bepalinge soos vervat in die Simbra teler handleiding, beoordelaarsbeleid, die Grondwet en bywette van die Genootskap asook die veilingsreëls aanvaar en sal toepas.

Ek bevestig hiermee dat ek bogenoemde ten volle verstaan, en dit so aanvaar op20..... te

Beoordelaars/Inspekteurs/Keurders

Die Simbra Genootskap is 'n ledegedrewe organisasie wat daarop gemik is om die Genootskap se lede te dien binne die raamwerk van die Diereverbeteringswet (Diereverbeteringswet 62 van 1998) met die grondwet van die Genootskap as die hoeksteen vir die werking van die Genootskap. Deel van die strewe om uitvoering te gee aan die Genootskap se doelwitte maak dit noodsaaklik om sekere liggame en strukture te vestig en te bestuur. Dit is die Genootskap se gewoonte om jaarliks hierdie beleidsdokument na gelang van omstandighede te evalueer en aan te pas en, indien nodig, meer klem te plaas op die uitvoering daarvan, en die bevordering van teel van funksioneel doeltreffende diere.

Doel van die beleidsdokument

Die inhoud van die dokument het ten doel om aan jou as 'n beoordelaar/inspekteur/keurder (met spesifieke verwysing na jou ambassadeursrol en verantwoordelikheid om aan ras- en produksiestandaarde te voldoen), die vaardighede te verskaf om akkurate assesserings sowel binne die skouring as jou bydraes as 'n inspekteur/keurder te maak. Jou besluit oor 'n dier se geskiktheid as 'n stoetdier of plasing in die skouring, en kommentaar daaroor is van kardinale belang om gestalte te gee aan die Simbra-missie – wat behels om diere te teel wat winsgewend gesogte vleis van hoë gehalte kan produseer, met inagneming van diere-welsyn en die impak op die omgewing. Die Raad se verantwoordelikheid is om te verseker dat die bepalinge van die grondwet nagekom word, en dat ander komitees en werkgroepe doeltreffend funksioneer. Ander komitees soos die rasverbeterings-, opleidings- en skoukomitees is almal betrokke by die bevordering van die ras se doelwitte. Die raad moet voorstelle en aanbevelings wat deur die komitees en ander strukture binne die Genootskap gemaak word vir oorweging ontvang en oorweeg vir implimentering, en dit is deel van die funksie van hierdie komitees.

Skoukomitee

Pieto Louw (Voorsitter), Linley Jones, Riaan van Zyl, Danie van Vuuren, Jaco Mare, Nikolai Metzger bygestaan deur Matt Kinghorn. Tweejaarliks sal 'n skoukomitee verkies word, bestaande uit telers wat aktief skou, insluitend 'n Namibiese verteenwoordiger en 'n kantoorverteenwoordiger.

Rol van die Skoukomitee:

- Verteenwoordig lede wie aktiefdeelneem aan die skou van diere.
- Lewer insette rakende skoureëls.
- Skakeling met skouverenigings om skoue doeltreffend te reël en te bestuur.
- Bespreek en oorweeg voorstelle en aanbevelings van die Opleidingskomitee.

Opleidingskomitee


Die opleidingskomitee bestaan uit vyf lede – almal raseksaminatore en/of genomineerde raadslede. Die opleidingskomitee het die reg om 'n persoon van die Junior/Senior beoordelaarspaneel te nomineer om bevorder te word, sonder dat die persoon self vir evaluering aansoek doen.

Rol van die Opleidingskomitee

- Handhawing en die deurlopende monitering van fenotipiese rasstandaarde.
- Opleiding en ontwikkeling van beoordelaars.
- Opleiding en ontwikkeling van Inspekteurs/Keurders.
- Bespreek en oorweeg voorstelle en aanbevelings van die Skoukomitee

Bevordering van beoordelaars

'n Beleid van deursigtigheid sal te alle tye gevolg word. 'n Handleiding en ander kursusmateriaal sal vooraf beskikbaar gestel word en vorm die basis waarop beoordelaars en inspekteurs geëvalueer sal word. Daar sal evalueringsverslae en ander rekords gehou word vir elke persoon wat by die stelsel betrokke is.



Die eerste stap is 'n beginnerkursus. Dit sal uit beide teorie en praktiese evaluering bestaan. Die teorie sal 40% tel en sal die korrekte beskrywing van die anatomie van die bul/koei dek, kennis van die Simbra-rasstandaarde, kennis oor die Simbra-teelbeleid, kennis oor eienskappe wat diskwalifikasies en diskriminasies is asook 'n begrip en kennis van moderne teeltgnieke. Praktiese evaluering sal 60% tel en sal die plasing van diere dek, korrekte plasings tel 1 punt. Korrekte persentielplasing tel ½ punt. Kursusgangers sal geëvalueer word op die bespreking van die dier, klem op die korrekte belangrike eienskappe, woordkeuse en hoe die boodskap oorgedra word.

Om as beoordelaar te kwalifiseer word 'n agehele punt van 75% benodig en as inspekteur/keurder 66%. 'n Persoon wat 'n beginnerskursus met 'n A-simbool (75%) slaag, mag 'n junior kursus as 'n kandidaat doen.

Die tweede stap is 'n Junior kursus. Die inhoud is dieselfde as die beginnerskursus maar daar sal op 'n hoër standaard geëvalueer word. 'n Dieper kennis en skerper oog is noodsaaklik. Ervaring en verdere evalueringseleenthede is nou van kardinale belang, en daar sal verwag word om ondervinding op te doen as ringgids by skoue, bystand te verleen by boeredae en kursusse, sifting van diere op veilings, en inspeksies van diere saam met 'n senior keurder/ inspekteur. Aanvanklik sal daar aktiwiteite verrig word saam met 'n meer senior persoon, en vir elke geleentheid word 'n vorm voltooi waarop sekere eienskappe geassesseer en nagesien word. Indien voldoende vordering ingevolge bogenoemde gemaak word, kan 'n persoon wat 'n junior kursus geslaag het en as junior beoordelaar optree in die rolle en funksies soos hierbo uiteengesit, die persoon as senior beoordelaar aansoek doen of deur die opleidingskomitee benoem word vir bevordering.

Die derde stap is 'n senior beoordelaar. Vir 'n junior om tot 'n senior beoordelaar te vorder, sal die junior by verskeie geleenthede deur 'n meer senior beoordelaar geëvalueer word. By die jaarlikse beoordelingskonferensie sal junior beoordelaars en die senior beoordelaar se diepgaande kennis deur raseksaminatore geëvalueer word. Assessering tydens die konferensie en die voorafgaande jaar se aktiwiteite en assesserings daarvan in samehang met ander ambassadeurseienskappe sal die basis vorm om as beoordelaar by skoue op te tree en om as keurder/inspekteur te vorder.

Raseksaminatore moet oor bewese kundigheid beskik en persone wees wat uitgestaan het ten opsigte van aspekte van belang soos hierbo genoem om oorweeg te word om op 'n paneel van raseksaminatore te dien.

Jaarlikse opleidingskonferensie

Deelname aan die jaarlikse opleidingskonferensie is verpligtend. 'n Jaarlikse evaluering/praktiese eksamenleentheid vir alle beoordelaars sal gehou word. Die proses word deur die opleidingskomitee gekoördineer. Indien 'n beoordelaar nie een van twee opeenvolgende geleenthede sonder 'n geldige verskoning bywoon nie, word die persoon een vlak laer as sy huidige beoordelaarstatus geplaas. 'n Senior word 'n junior en moet die proses herhaal. Die hoofrede vir die besluit is om te verseker dat die jaarlikse konferensiebesluite sowel as die klem wat op sekere eienskappe in die skouring geplaas sal word tydens die jaarlikse opleidingskonferensie behoorlik aan die beoordelaars verduidelik word en hulle ooreenkom oor die toepassing van die beleid in praktyk.

Die werk van beoordelaars en inspekteurs die afgelope jaar sal geëvalueer en bespreek word.

Inspekteurs/Keurders

Bestaan uit enige persoon wat as beoordelaar vir Simbra by skoue mag optree of 'n junior kursus voltooi en 'n finale punt van 66% of meer behaal of 'n senior beoordelaar of hoër kan wees. Inspekteurs moet ten minste 3 kuddes en 'n minimum van 100 diere (20 manlik en 80 vroulik) met 'n

gekwalfiseerde beoordelaar of senior keurder geïnspekteer het. Daar word van inspekteurs/keurders verwag om minstens elke twee jaar 'n opleidingskonferensie by te woon en op hoogte te bly van die Simbra-telershandleiding en rasstandaarde van uitnemendheid en beleid. Inspekteurs/keurders word nie toegelaat om hul eie diere te inspekteer nie. Daar word van hulle verwag om bulle te inspekteer vir registrasie deur die lineêre klassifikasiestelsel te gebruik, 'n inspeksie van vroulike diere wat die lineêre klassifikasiestelsel gebruik is nie verpligtend nie maar kan deur die teler aangevra word, anders is die verkorte stelsel aanvaarbaar. Kuddebesoeke/keurings/inspeksies behoort 'n waardetoevoegende oefening te wees en die inspekteur tree op as 'n raadgewende konsultant, met die bedoeling om die intrinsieke waarde van die kudde te verhoog en te verseker dat slegs struktureel korrekte diere wat aan gestelde standaarde voldoen vir die teel van stoetdiere gebruik word. Inspekteurs moet 'n goeie kennis van moderne teelmetodes hê en verseker dat die teler wat besoek word, genetiese vordering sal maak op grond van aanbevelings en besprekings van die kudde se genetiese profiel en tendense.

Algemene reëls van toepassing op beoordeling en keuring

- Alle diere wat geëvalueer word, moet getatoeër word met die Kuddeletters, Jaar nommer en Volgnommer, en indien van toepassing AA/A/B/C agtervoegsel om generasie aan te dui.
- Beoordelaars mag nie 'n uitstaller se diere vir plasing oorweeg as die hanteerders nie ingevolge die Genootskap se amptelike drag geklee is nie, en die diere moet met 'n geel halter vertoon word.
- Reproduksie maatstawwe, soos vir veilings, is van toepassing in die skouring.
- As 'n beoordelaar sal jy voortdurend daarna streef dat jou oordeel as 'n professionele opleidingsoefening gesien word en jou kommentaar moet konstruktief en positief aangebied word.
- Dat beoordelaars streng sal optree teen enige dier wat moeilik is om in die ring te hanteer of om een of ander rede onhanteerbaar is.
- Alle bulle ouer as 15 maande moet 'n neusring hê (slegs halter mak diere).
- Oorplaatjies hoef nie verwyder te word nie (mag in wees).
- 'n Koei in melk moet haar eie registreerbare kalf aan haar sy hê, met haar (kalf) aan 'n halter in die ring. Indien die kalf die beoordeling ontwrig, kan die beoordelaar versoek dat die kalf die ring verlaat nadat hy die kalf gesien het. Die kalf van 'n koei wat beoordeel word, mag nie ouer as 210 dae op die dag in die ring wees nie.
- Geen beeste sal beoordeel word as hulle aan die kant van die ring vasgemaak is, of aan enige ander voorwerp nie – slegs diere binne die ring sal beoordeel word.
- 'n Tweede hanteerder mag, na goeddunke van die beoordelaars, in die ring toegelaat word om diere wat lui of traag is om te beweeg is, te motiveer.
- 'n Koei sonder 'n kalf wat nie in kalf gesertifiseer is nie, word nie beoordeel nie.
- Vroulike diere wat die ouderdom van 30 maande bereik het, moet gesertifiseer word as in kalf op die dag van beoordeling, en/of loop met 'n kalf aan die voet.
- Diere wie se geboortedatum twee keer en meer verander is, sal nie toegelaat word om te skou nie.
- Telers en/of uitstallers wat hul skuldig maak aan wangedrag teen beoordelaars en/of medetelers, sal deur die Opleidingskomitee na die raad verwys word om dissiplinêre stappe toe te pas.
- Bulle wat meer as twee gewysigde geboorte- of speengewigte het, of waarvan hulle 'n tweede keer na 'n ander kontemporêre groep geskuif is, sal nie vir BLUP-kampioenskappe in aanmerking kom nie.
- Diskwalifikasies: diere wat ENIGE diskwalifiserende eienskappe vertoon (bv. rolklou) sal nie vir plasing oorweeg word nie en moet die ring verlaat.

- Diere wie se liggaamsdele ooglopende veranderinge ondergaan het (verberging, nie versorging nie) sal die ring verlaat en nie vir plasing in aanmerking kom nie.

Beoordelaarsbenadering

Sommige kenmerke/eienskappe verskil volgens hul relatiewe belangrikheid en moet beoordeel word met die klem op funksionaliteit in terme van ekonomiese belangrikheid. Uitgedraaide voorpote en 'n regop hak kan byvoorbeeld as twee foute geïdentifiseer word, maar die hakke sal meer krities beoordeel word omdat dit 'n funksie van die bul is en sy vermoë om 'n koei te dek kan beïnvloed. Wanneer dit by jou plasinge sowel as kommentaar kom, plaas gedurig klem op wat van ekonomiese belang in die beesvleisbedryf is.

Om ons posisie in die beesvleisbedryf te verstewig, moet beoordeling volgens die volgende gedoen word:

A - Geslagsegtheid

Manlikheid

- Watter eienskappe vorm 'n funksie van manlikheid? Die kop, skofontwikkeling, nek (nekplooie), testisontwikkeling, balans en selfs verdonkering van kleur in die meeste van hierdie kenmerke. Per definisie sal die meeste van die eienskappe beskryf word met woorde soos sterk, breed, prominent en gebalanseerd, en goed gespierd .

Voortplantingsorgane

- 'n Bul moet oor goed geplaasde behoorlik ontwikkelde testes (minumum standarde) met duidelike goed ontwikkelde epididimus beskik soos na verwys in die Standaard van Uitnemendheid.

Skede

In terme van 'n bul se funksionele vermoë om te dek as 'n ekonomies belangrike eienskap, moet voldoende aandag aan die preputium gegee word. By die beoordeling van die preputium moet aandag gegee word aan die preputiale opening, moet die opening klein en styfpassend/sluitend wees. Daar moet teen die preputium wat buitensporig lank is gediskrimineer word. 'n Kort en ferm preputium is wenslik. Die preputium moet geëvalueer word relatief tot die "mediaan" lyn (Os-tot-Os lyn), met inagneming van die diepte van die middelstuk.

Van groot belang is die hoek van die skede en die bulle se vermoë om dit te beheer en met inagneming van ander kwaliteitseienskappe waarvoor die dier beskik.

Vroulikheid

- Wat behels 'n funksie van vroulikheid? Die kop, skofontwikkeling, nek (nekplooie), uier- en speenontwikkeling, en 'n duidelike wig. Meeste van die eienskappe sou ook onder manlikheid beskryf kon word, maar met die klem op fyner ontwikkeling.

Voortplantingsorgane

- Alhoewel hierdie punte nie in volgorde van belangrikheid genoem word nie, moet vrugbaarheidseienskappe voldoende beklemtoon word.

Naelvel

Die naelvel moet verkieslik nie oorontwikkel wees nie – moenie swaar voorkom of soos 'n gordyn hang nie. Evalueer die naelvel met inagnome van 'n waardebeoordeling met betrekking tot die res van die dier.

Geen verskonings vir afwykings in die volgende kenmerke word toegelaat nie:

B- Konstitusie (Die dier se vermoë om liggaamsonderhoud te handhaaf – aanpasbaarheid)

- Loopvermoë of beweeglikheid
 - Aangesien Simbra 'n ekstensiewe ras is met die vermoë om in die voerkraal te presteer, is beweeglikheid, sterk bene en hakke van kardinale belang. Been- of hoefdefekte moet streng beoordeel word. Gee noukeurig aandag aan die diere se agterpote, veral hakke en kote, aangesien dit die dier se beweeglikheid bepaal.
- Die borsvloer moet voldoende kapasiteit vir lewensbelangrike organe hê.
- Middelstuk moet 'n goeie oogspierarea en voldoende sprong van rib hê.
- Goed aangepaste, gladde haarkleed.

Let veral op 'n sterk breë bek, 'n goed gevormde skof en nek, goeie skoueraanhegting sonder prominente skouerblaaië, lengte en breedte in die agterkwart (breedte tussen die sitbene) met goed gevulde binne- en buitedye en lang bespierung. 'n Breë borsvloer sal normaalweg gepaard gaan met breedte in die voorkwarte terwyl 'n smal bors 'n aanduiding kan wees van gebrek aan breedte.

C - Vleiseienskappe/ Bespierung

Gee aandag aan ekonomies belangrike eienskappe wat 'n funksie van groei en bespierung is en lê klem op

- Kapasiteit binne 'n medium raam - Lengte, breedte en diepte.
- Gee aandag aan hoëwaarde-vleissnitte, oogspier, lende en agterkwart.

Kommentaar/bespreking

Wanneer plasings bespreek of kommentaar gelewer word, moet kommentaar positief gehou word. Goeie eienskappe moet uitgelig word, vanaf die laaste geplaaste dier tot die eerste geplaaste dier.

Maak seker dat jy jou terminologie ken en gebruik dit korrek wanneer jy na 'n spesifieke eienskap of deel van 'n dier verwys. Wees spesifiek in jou kommentaar en moenie woorde soos “lekker”, “pap” of “ek hou van” gebruik nie. Opmerkings soos “Vers nommer 1 is beter as vers 2 omdat sy beter bespierung het”, gee geen verduideliking aan die uitstaller of omstander as jy nie kan uitwys watter ekonomiese eienskappe op vers 1 haar bo vers 2 laat uitstaan nie.

Gee slegs die hoofredes vir jou plasings deur jou plasing in pare te verduidelik, byvoorbeeld, vergelyk 1 met 2 en 2 met 3, ens. Werk metodies deur jou plasings. Vermy enige aannames of stellings wat nie deur die wetenskap ondersteun kan word nie. Lewer kommentaar oor wat jy op die dag in die ring sien, nie wat jy verwag om in die toekoms te sien nie. Maak konstruktiewe opmerkings en moenie huiwer om komplimente te gee aan 'n uitstaller vir spesiale diere/groepe diere of kampioene voor die publiek nie. Onthou jy praat namens die ras.

Probeer om jou redes in 'n logiese volgorde met jou opmerkings te organiseer, om die eienskappe wat jou plasings beïnvloed het, te verduidelik. As riglyn word dit aanbeveel dat jy hierdie metodologie volg. Begin by die kop en werk sistematies deur na funksionaliteit. Kop, voorkwart, middelpunt, agterkwart, konstitusie en voortplantingsorgane. Soos die dier bespreek word, kan dit sin maak om die dier uit te trek en dit in die ring rond te laat beweeg sodat almal 'n blik op die dier kan kry.

Metode van beoordeling

Om suksesvol as beoordelaar op te tree, word aanbeveel dat jy die volgende metode as riglyn gebruik om jou taak professioneel, metodies en op 'n georganiseerde wyse uit te voer. Beoordeling bestaan uit twee fases - 'n kwalifiserende fase en 'n vergelykende fase wat deurlopend binne elke klas toegepas word.

Die kwalifiserende fase: sodra al die diere vir die betrokke klas in die ring is, posisioneer jouself so dat jy die ringgids kan opdrag gee dat elke dier na jou toe beweeg, om die dier van voor af te beoordeel terwyl dit loop. Laat die diere altyd kloksgewys in die ring loop want dit plaas die hanteerder aan die buitekant van die dier. Nou kyk jy na die volgende:

- Kop, Bek, Voorpote en bors.

Stap dan na binne sodat die hanteerder aan die buitekant van die dier loop en kyk vir die volgende:-

- Bek (let op die onderkaak), nek, skouers, skof, sprong van rib, lengte en diepte van lyf, preputium/naeltjie, agterkwart en loopvermoë.

Stap dan agter terwyl die dier van jou af wegstap en kyk na die volgende:

- Kyk na die breedte van die penbene want dit is meestal 'n funksie van breedte deur die dier se liggaam. Kyk veral mooi na die dier se agterpote, hoewe en kote (loopvermoë).

Indien nodig, kan jy die dier laat stilstaan om na die volgende te kyk:

- Gee aandag aan die bul se testis (testisontwikkeling) of in die geval van 'n vroulike dier kyk na haar geslagsorgaanontwikkeling asook die uieraanhegting, uier en spene,
- Temperament(gemak). Diere wat moeilik hanteerbaar is in die skouring. 'n Dier wat van sy halter losmaak, kry net een kans. As 'n dier uit die beoordelaarsring hardloop, word dit gediskwalifiseer.

Nou is jy klaar met jou kwalifiserende fase en diere met ooglopende eienskappe waarmee jy nie tevrede was nie, is uit die ring terwyl jy die vergelykende fase begin.

Die Vergelykende Fase: Op hierdie stadium behoort jy reeds 'n baie goeie indruk te hê van die standaard van die klas, watter diere jou beïndruk het, en selfs waarskynlik jou eerste plek. Plaas jouself nou in die middel van die ring terwyl diere om jou loop. Jy kan selfs begin om die volgorde van die diere te verander deur jou tweede-beste dier agter die beste dier te hardloop. Die diere word nou met mekaar vergelyk. Nou kyk jy na die volgende:

Begin met die beste en tweede beste. Haal uit en vergelyk voorlopig met mekaar waar hulle langs mekaar in die middel van die ring staan. Plaas die diere van links na regs en sien hulle van voor af.

- Kyk nou veral na eienskappe soos geslagsegtheid (seksuele dimorfisme), konstitusie, vleiseienskappe, bespierung, skede soos na verwys in die Beoordelingsbeleid.
- Gaan nou die diere na waar hulle langs mekaar staan, terwyl jy weer die tweede en derde posisies rangskik om absolute sekerheid te verkry.
- Oorvet diere: As 'n diere die beste in die groep is, maar oorvet is, word dit met een plek gepenaliseer. Dit sal in die kommentaar uitgewys word.
- Te groot diere: dit is baie belangrik dat assessering ook die ras sebeleid en -doelwitte ondersteun en teen groot diere moet diskrimineer. Die ras streef na 'n mediumraam diere.
- Gee nou vir jou ringgids opdrag dat hy die diere uiteindelik van links na regs van voor af plaas. Plaas ten minste 6 diere indien getalle dit moontlik maak.
- Jy moet al die diere behoorlik memoriseer en gereed wees om jou plasings aan die publiek te verduidelik met kommentaar.

Algemene opmerkings

Eksaminatore by kursusse moet verkieslik 'n raseksaminator en senior beoordelaar wees. Twee per kursus tot 30 deelnemers, dan kan 'n derde persoon wat 'n junior beoordelaar kan wees as eksaminator optree.

Skoudeelnemers

- Telers moet hulself op hoogte hou met die betrokke Skougenootskappe se reëlins.
- Vrywaringsvorm en Terme & Voorwaardes van die Skougenootskap moet onderteken word deur alle betrokke partye.
- Diere word geskou of vertoon in ooreenstemming met die Simbra beleid, rasstandaarde en reëls.
- Manlike- en vroulike diere moet haltermak wees tensy daar by 'n skou spesiale reëlins getref is om ook as 'n nie-haltermak skoudiere te laat deelneem.
 - Haltermak en nie-haltermak diere mag nie teen mekaar deelneem vir bepaling van groot kampioene nie.
- Dierewelsyn is van kardinale belang – genoegsame voer, skoon koel water en gemak van die diere is ononderhandelbaar.
- Touleiers en hanteerders moet goed opgelei wees om met diere te werk.
- Touleiers moet die instruksies van beoordelaars en/of ringgids streng gehoorsaam.
- Diere van betrokke klasse moet betyds aanmeld by die buite-/hekgids.

Beoordelaars en Ringidse

- Beoordelaars en ringgidse word aangewys deur die Simbra Genootskap (Raad) op aanbeveling van die Opleidingskomitee.
- Die Beoordelaars sal diere in volgorde van rasstandaarde plaas.
- Die Beoordelaars sal die diere bespreek en redes vir die betrokke plasings motiveer.
- Die Beoordelaars se plasings is finaal, en word nie in die openbaar gekritiseer nie.
- Indien 'n dier waar die beoordelaar betrokke was by die teling van die dier in die ring is, behoort die Ringgids die beoordelaars daarop te wys sou daar meer as 1 beoordelaar beoordeel, en kan daardie "betrokke" beoordelaar hom/haar van daardie klas se beoordeling verskoon.
- Die ringgids moet slegs behulpsaam wees in die ring deur die diere en touleiers in volgorde te rangskik soos deur Beoordelaars aangewys/versoek, en neem nie deel aan die beoordeling nie.
- Ringgids moet sorg dat die diere in die regte katalogusnommer volgorde in die ring inkom.
- Ringgids moet sorg dat die skou vlot en ordelik binne die ring verloop.

Beoordeling by skoue

Persone wat die jaarlikse beoordelingskonferensie bywoon, word deur die opleidingskomitee aangewys om skoue te beoordeel. Beoordelaars wat nie die jaarlikse konferensie bygewoon het nie, mag nie vir daardie jaar beoordeel nie.

Ringgidse by skoue

Persone wat goed presteer het by die Junior Beoordelingsevaluering word uitgenooi om as ringgidse en hekgidse by skoue te help. Persone wat deur 'n skougenootskap genomineer is, kan ook as gidse gebruik word

Behoorlike rekords en register

Behoorlike rekords moet gehou word van wie geassesseer is, wanneer en waar, asook alle evalueringsverslae.

Voorberieding van diere vir skou

- Alle haltermak diere moet goed opgelei wees ten einde die risiko vir beserings aan mens en dier te beperk en skade aan eiendom verhoed sal word.
- Diere moet voorberei word sodat hulle in hul beste kondisie (nie oorvet) vertoon word.
- Diere wat ondervoed is of wat nie aan die rasstandaarde voldoen nie, sal nie geplaas of toegelaat word nie.
- Diere met beserings of ooglopende siektes wat tot nadeel van die ras strek mag nie vertoon word nie.
- Geen verbloeming van gebreke in diere sal toegelaat word nie.
- Vertoon altyd funksioneel doeltreffende diere

Gesondheid van diere

- TB- en BM-sertifikate en/of telerverklarings moet ingehandig word met aflaaï van beeste of kan voor die tyd by die Skougenootskap ingehandig word.
- Dragtigheidsstatus van vroulike diere (waar van toepassing) moet beskikbaar wees.
- Diere met duidelike beserings, siekte of swellings moet verkieslik nie geskou word nie.

Skou Klasse

- Nasionale skouklasse verskil van gewone streek-skouklasse.
- Maak seker korrekte inskrywings is gedoen vir betrokke skou.
- Die skoukomitee poog altyd om skouklasse so saam te stel dat dit maksimum deelname aan die interras klasse verseker.

Kleredag en halters

- Touleiers moet altyd deelneem in die Genootskap se voorgeskrewe kleredrag.
- Simbras word altyd vertoon in geel halters.
- "Bibbies" met deelnemernommer moet altyd duidelik sigbaar wees, en die regte kaart op die regte plek.
- Netheid van touleiers is baie belangrik.
- Skoudrag en "Bibbies" is beskikbaar van die kantoor.

Interras Deelname

- Slegs aangewese kampioene, soos aangedui deur die beoordelaars, sal deelneem aan die interras-kompetisie – Die enigste uitsondering sal wees waar groepklasse vir deelname saamgestel word.
- Verteenwoordig altyd die ras met trots en waardigheid.